12. BMus-PROGRAM

Toelatingsvereistes

Studente wat in 2008 en later hulle NSS verwerf

Toelatingsvereistes soos vir universiteitstudie volgens die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS).

Om aan die Universiteit van Stellenbosch te mag studeer volgens die nuwe nasionale skoolkurrikulum vir die Verdere Onderwys- en Opleidingsfase, moet jy:

- In besit wees van ’n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) soos gesertifiseer deur Umalusi.
- ’n Gemiddeld van minstens vlak 4 in elk van vier aangewese skoolvakke uit die lys van aangewese universiteitstoelatingsvakke behaal.
- ’n NSS gemiddeld van 60%
- Huistaal minstens kode 4 (50%)
- Eerste Addisionele Taal minstens kode 3 (40%)
- Indien Wiskunde 114, 144 gevolg word, Wiskunde kode 6 (70%)
- Voldoen aan ’n minimum standaard gelykstaande aan die Graad VII praktiese eksamen op die hoofinstrument (of sang) en kennis gelykstaande aan die Graad V-teorie-eksamen van enige van die musiek-eksamineringsliggame.
- ’n Keuringsoudisie en teoretiese toetsing ooreenkomstig die keuringsbeleid van die Departement Musiek aflê gedurende die voornemende student se Graad 12-jaar (of die jaar wat die eerste inskrywing vir die graadkursus voorafgaan), waartydens kandidate bewys van bogenoemde standaarde in klassieke musiek moet lewer.

Let wel: Hierdie program het nie ’n VGP-opsie nie.

Raadpleeg asseblief die paragraaf aangaande voorgraadse-inskrywingsbestuur aan die begin van Afdeling 3 bo.

Programinhoud en -struktuur
Besonderhede
Let wel: BMus is ’n keuringsprogram.
Dit is moontlik om binne die BMus-graad te spesialiseer. Alle praktiese spesialiserings-rigtings vanaf die derde jaar, asook Komposisie en Musiektegnologie, is aan keuring en/of oudisie onderhewig. Meer besonderhede hieroor is van die programkoördineerder beskikbaar. BMus is ’n vierjarige program. Die student doen in elk van die hoofvakrigtings ’n hoeveelheid werk wat daarop gerig is om die integrasie van die inhoude binne en tussen die vakrigtings te verhoog en om die koherensie van die program in sy geheel te bevorder. Hierdie werk kan verskeie vorms aanneem: seminare, skriftelike werkstukke, verskillende vorms van praktiese werk, ens. Die Departement Musiek se inskrywing in Afdeling 6, “Module-inhoude”, gee nadere inligting oor die Departement, asook die BMus-program m.b.t. die inhoude van modules, slaagvoorvereistes (S) en newevereistes (N).

Formele bepalings
Toeganklikheid
BMus is vanaf 2009 ’n keuringsprogram. Kandidate word op grond van aanleg gekeur. Kandidate wat nie oor die nodige vaardighede beskik nie, maar wel oor die nodige poten-siaal, word soms toegelaat mits hulle spesifieke aanvullende werk (bv. modules uit die Sertifikaatprogram) doen. Studente wat verplig is om vir Musiekwetenskap (*musiek-vaardighede)* 271 as addisionele vak binne die graadprogram te registreer, **móét die module slaag voordat hulle toegelaat sal word om met Musiekteorie 222 en 252 voort te gaan.** Alternatiewelik kan ’n student aangeraai word om eers die volledige eenjarige Hoër Sertifikaatprogram te volg alvorens hy heraansoek doen om toelating tot die BMus-program (kyk Afdeling 6 punt 4). Studente wie se praktiese werk op standaard is, maar wat ’n akademie-/teoretiese agterstand het, sou ook in plaas van ’n graadprogram die driejarige Diploma (Praktiese Musiek) kon volg. Hierdeur poog ons om studente toe te rus om aan die einde van hul studietydperk oor die vereiste vaardighede en kennis te beskik om in die verwerwing van ’n spesifieke kwalifikasie suksesvol te wees. Sien “Assessering” onder, met betrekking tot die vereiste dat studente wat praktiese modules volg verplig word om van die eerste eksamengeleentheid gebruik te maak.

Artikulasie
In uitsonderlike gevalle (’n prestasiepunt van minimum 70% in elk van die volgende: Algemene Musiekleer 391, Musiekteorie 321 en 351) kan ’n student wat aan die toelatingsvereistes van die BMus-graad voldoen, vanuit die Diploma (Praktiese Musiek) na die tweede jaar van BMus artikuleer. Sulke studente sal vir die volgende vakke erkenning kry:

DIPLOMA IN PRAKTIESE MUSIEK	**B**Mus
Musiekteorie 321(8) en 351(8)	Musiekteorie 122(8) en 152(8)
Gehooropleiding 291(8)	Gehooropleiding 171(8)
Musiekopvoeding 171(16)	Musiekopvoeding 178(16)
Musiektegnologie (Inleidend) 111(6) en 141(6)	Musiektegnologie (Inleidend) 112(6) en 142(6)
Onderwysmetodiek 121(6), 241(12) en 341(12)	Onderwysmetodiek 212(6), 374(12) en 474(12)
Repertoriumstudie 141(6), 281(12) en 381(12)	Repertoriumstudie 242(6), 394(12) en 494(12)
Orkesstudie 271(12) en 371(12)	Orkesstudie 377(12) en 477(12)

Praktiese Musiekstudie A 3(6/7/8/9)1(24) **OF** Praktiese Musiekstudie S 221(24) en 261(24)	Praktiese Musiekstudie A 278/9 of 288 of 298(24)
Praktiese Musiekstudie B 251(12)	Praktiese Musiekstudie B 274(12)
Begeleiding 371(12)	Begeleiding 276(12)
Kamermusiek 381(12)	Kamermusiek 284(12)
Ensemblesang 371(12)	Ensemblesang 274(12)
Praktiese Partituurstudie 381(12)	Praktiese Partituurstudie 286(12)
Orkespraktyk 381(12)	Orkespraktyk 284(12)
Tale vir Sangers 291(12)	Tale vir Sangers 294(12)

Studente wat vanuit die Hoër Sertifikaat in Musiek artikuleer sal vir die volgende vakke erkenning kry:

HOËR SERTIFIKAAT IN MUSIEK	**BMus**
Musiektegnologie 181 (12)	Musiektegnologie (Inleidend) 112(6) en 142(6)

Assessering

Praktiese modules: Praktiese toetse en eksamens.

Studente wat die volgende praktiese modules volg word verplig om van die eerste eksamengeleentheid gebruik te maak:

Praktiese Musiekstudie A, B, E en S
Praktiese Musiekstudie (Voorbereidend)
Kamermusiek
Orkesstudie
Ensemblesang
Begeleiding

Akademiese modules (Musiekwetenskap, Musiekopvoedkunde, Musiektegnologie en Komposisie): Skriftelike en praktiese toetse en eksamens, skriftelike en praktiese werkopdragte, werkstukke, individuele en groepsopdragte in klasverband.

Waar ’n stelsel van deurlopende assessering in modules gebruik word, word studente aan die begin van die jaar in elke module skriftelik ingelig oor die manier waarop die prestasiepunt bereken word en ontvang hulle in die loop van die module gereelde terugvoering oor hul vordering.

Opmerking

Vir besonderhede rakende assessering van BA-vakke, raadpleeg die deelnemende departemente, asook hul inskrywings in Afdeling 6, “Module-inhoude”. Alle vakkombinasies is onderworpe aan roostermoontlikhede.

Spesialisering

Spesialisering vind vanaf die derde jaar plaas.

Geen student sal toegelaat word om met sy spesialisering te begin alvorens hy beide Musiekwetenskap (112, 142 en 212, 242) en Musiekteorie (122, 152 en 222, 252) geslaag het nie.

Verpligte bywoningsvakke

1. Vir studente wat vir Praktiese Musiekstudie A 388 en 488 ingeskryf is, is Orkespraktyk ’n verpligte bywoningsvak. Studente word daarop gewys dat bywoning van alle repetisies (as lid van die *US Simfonieorkes* of die *US Simfoniese Blaasensemble)* verpligtend is.
2. Voltydse Musiekstudente se aandag word daarop gevestig dat die bywoning van ’n voorgeskrewe aantal konserte wat deur die Konservatorium aangebied word, asook die

voorspeelklasse wat deur die Departement Musiek gereël word, verpligtend is. Onbevredigende bywoning in beide gevalle sal lei tot 'n 10%-penalisering van die klaspunt van die hoofinstrument.

Aanbieding
Die program word deur middel van direkte kontak met studente aangebied: normale klasbywoning in groepsverband en individuele onderrig in praktiese rigtings. Vanweë die praktiese aard van talle opdragte in musiekteorie, musiekopvoedkunde en ander rigtings is tutoriale en ander vorme van kontak met studente gewens.
Raadpleeg "Taalspesifikasies" vir die medium van onderrig.

Akademiese ontwikkeling
Vir departementele geïntegreerde akademiese ondersteuning, raadpleeg asb. Afdeling 6 punt 4.
Navrae*:*
Programkoördineerder: Mnr M Nel
Tel.: 021 808 2378 E-pos: mdn@sun.ac.za

BMus-PROGRAM (Vierjarig)
VERPLIGTE EERSTE- EN TWEEDEJAARSVLAKKE

Basisvlak (eerste jaar) (146 – 154 krediete)
Verpligte modules

Praktiese Musiekstudie A	178(24) of 179(24) of 188(24) of 198(24)
Praktiese Musiekstudie B	174(12)
Musiekwetenskap	112(8) en 142(8)
Musiekteorie	122(8) en 152(8)
Gehooropleiding	171(8)
Musiekopvoeding	178(16)
Musiektegnologie	112(6) en 142(6)
Inligtingsvaardighede	172(6)

Opmerkings
Studente wat **Praktiese Musiekstudie A 178 volg,** moet ook registreer vir

Begeleiding	176(12)

Studente wat **Praktiese Musiekstudie A 179 volg,** moet ook registreer vir

Praktiese Partituurstudie	186(12)

Studente wat **Praktiese Musiekstudie A 188 volg,** moet ook registreer vir

Orkespraktyk	184(12)

Studente wat **Praktiese Musiekstudie A 198 volg,** moet ook registreer vir

Tale vir Sangers	194(12)

Keusemodules
Plus **een** van die volgende BA-vakke (24 krediete, behalwe Wiskunde is 32 krediete)

Afrikaans en Nederlands	178(24)
Afrikaanse Taalverwerwing	178(24), 188(24) (slegs eerste jaar)
Duits	178(24) of 188(24)
English Studies	178(24)
Frans	178(24) of 188(24)
Sielkunde	114(12), 144(12)
Wiskunde	114(16), 144(16)
Basiese Xhosa	114(12), 144(12) (slegs eerste jaar)
Xhosa	178(24) of 188(24)

Oorbruggingsmodules

Praktiese Musiekstudie: Voorbereidend	171(6) (Voorbereidend) of 271(8)
Musiekwetenskap	271(8) (Musiekvaardighede)

Intermediêre vlak (tweede jaar) (128 krediete)

Verpligte modules

Praktiese Musiekstudie A	278(24) of 279(24) of 288(24) of 298(24)
Praktiese Musiekstudie B	274(12)
Onderwysmetodiek	212(6)
Repertoriumstudie	242(6)
Musiekwetenskap	212(8) en 242(8)
Musiekteorie	222(8) en 252(8)
Gehooropleiding	271(8)

Opmerkings

Studente wat Praktiese Musiekstudie A 278 volg, moet ook registreer vir

Begeleiding	276(12)
Kamermusiek	284(12)

Studente wat Praktiese Musiekstudie A 279 volg, moet ook registreer vir

Praktiese Partituurstudie	286(12)

en een van:

Ensemblesang	274(12) [vir koordirigente] of
Kerkmusiekpraktyk	284(12) [vir orreliste.]

Studente wat Praktiese Musiekstudie A 288 volg, moet ook registreer vir

Orkespraktyk	284(12)
Kamermusiek	284(12)

Studente wat Praktiese Musiekstudie A 298 volg, moet ook registreer vir

Tale vir Sangers	294(12)
Ensemblesang	274(12)

Keusemodules

Verpligte Keusemodules

Musiekopvoeding	278(16)
of	
Musiektegnologie	222(8) en 252(8)

Oorbruggingsmodule

Praktiese Musiekstudie: Voorbereidend	271(8) (Voorbereidend)

Opsionele ekstra module

Onderwysmetodiek	222(6)

BMus-PROGRAM (Vierjarig)
IN DIE UITVOERENDE KUNS

Eerste gevorderde vlak (derde jaar) (144 krediete)

Verpligte modules

Praktiese Musiekstudie S	318(24) en 348(24)
Onderwysmetodiek	374(12)
Musiekwetenskap	314(12) en 344(12)
Musiekteorie	324(12) en 354(12)

Opmerkings

Studente wat in **Klaviatuurinstrumente, Blokfluit of Kitaar** spesialiseer, moet ook registreer vir

Begeleiding	376(12)
Kamermusiek	384(12)

Studente wat in **Begeleiding** spesialiseer, moet ook registreer vir

Praktiese Musiekstudie A	384(12)
Kamermusiek	384(12)

Studente wat in **Kamermusiek** spesialiseer, moet ook registreer vir

Praktiese Musiekstudie A	384(12)
Begeleiding	376(12)
of	
Orkespraktyk	384(12)

Studente wat in ’n **Orkesinstrument** spesialiseer, moet ook registreer vir

Orkespraktyk	384(12)
Kamermusiek	384(12)

Studente wat in **Sang** spesialiseer, moet ook registreer vir

Teaterkuns (Musiek)	394(12)
Ensemblesang	374(12)

Studente wat in **Dirigering** spesialiseer, moet ook registreer vir

Praktiese Partituurstudie	386(12)
Ensemblesang	374(12)

Studente wat in **Kerkmusiek** spesialiseer, moet ook registreer vir

Praktiese Partituurstudie	386(12)
Kerkmusiekpraktyk	384(12)

Keusemodules

Verpligte Keusemodules

Repertoriumstudie	394(12) OF
Orkesstudie	377(12)

Opsionele ekstra modules

Onderwysmetodiek	376(12)
Improvisasie	394(12)
Praktiese Musiekstudie B	374(12)

Tweede gevorderde vlak (vierde jaar) (144 krediete)

Verpligte modules

Praktiese Musiekstudie S	418(30) en 448(30)
Onderwysmetodiek	474(12)
Diensleer	496(12)

Opmerkings

Studente wat in **Klaviatuurinstrumente, Blokfluit of Kitaar** spesialiseer, moet ook registreer vir

Begeleiding	476(12)
Kamermusiek	484(12)

Studente wat in **Begeleiding** *spesialiseer*, moet ook registreer vir

Praktiese Musiekstudie A	484(12)
Kamermusiek	484(12)

Studente wat in **Kamermusiek** spesialiseer, moet ook registreer vir

Praktiese Musiekstudie A	484(12)
Begeleiding	476(12)
of	
Orkespraktyk	484(12)

Studente wat in ’n **Orkesinstrument** spesialiseer, moet ook registreer vir

Orkespraktyk	484(12)
Kamermusiek	484(12)

Studente wat in **Sang** spesialiseer, moet ook registreer vir

Teaterkuns (Musiek)	494(12)
Ensemblesang	474(12)

Studente wat in **Dirigering** spesialiseer, moet ook registreer vir

Praktiese Partituurstudie	486(12)
Ensemblesang	474(12)

Studente wat in **Kerkmusiek** spesialiseer, moet ook registreer vir

Praktiese Partituurstudie	486(12)
Kerkmusiekpraktyk	484(12)

Keusemodules

Verpligte keusemodules

Repertoriumstudie	494(12)
of	
Orkesstudie	477(12)
Musiekwetenskap	414(12) en 444(12)
of	
Musiekteorie	424(12) en 454(12)

Opsionele ekstra modules

Onderwysmetodiek	476(12)
Improvisasie	494(12)
Praktiese Musiekstudie B	474(12)
Navorsingsmetodologie (Musiek)	474(12)
Besigheidsbestuur (Musiek)	474(12)

BMus-PROGRAM (Vierjarig)
IN KOMPOSISIE

Eerste gevorderde vlak (derde jaar) (144 krediete)

Verpligte modules

Komposisie	379(48)
Orkestrasie	388(24)
Praktiese Musiekstudie A	378(24) of 379(24) of 388(24) of 398(24)
Musiekwetenskap	314(12) en 344(12)
Musiekteorie	324(12) en 354(12)

Opsionele ekstra modules

Onderwysmetodiek	376(12)
Improvisasie	394(12)
Praktiese Musiekstudie B	374(12)

Tweede gevorderde vlak (vierde jaar) (144 krediete)

Verpligte modules

Komposisie	479(60)
Orkestrasie	488(24)
Praktiese Musiekstudie A	478(24) of 479(24) of 488(24) of 498(24)
Diensleer	496(12)

Keusemodules

Verpligte keusemodules

Musiekwetenskap	414(12) en 444(12)
of	
Musiekteorie	424(12) en 454(12)

Opsionele ekstra modules

Onderwysmetodiek	476(12)
Improvisasie	494(12)
Praktiese Musiekstudie B	474(12)
Navorsingsmetodologie (Musiek)	474(12)

BMus-PROGRAM (Vierjarig) IN MUSIEKTEGNOLOGIE

Eerste gevorderde vlak (derde jaar) (120 derdejaarskrediete en 24 eerstejaarskrediete)

Verpligte modules

Musiektegnologie	379(48)
Praktiese Musiekstudie A	378(24) of 379(24) of 388(24) of 398(24)
Musiekwetenskap	314(12) en 344(12)
Musiekteorie	324(12) en 354(12)
Filosofie	162(6) plus drie uit 112(6), 122(6), 142(6), 152(6)

Opsionele ekstra modules

Onderwysmetodiek	376(12)
Improvisasie	394(12)
Praktiese Musiekstudie B	374(12)

Tweede gevorderde vlak (vierde jaar) (120 vierdejaarskrediete en 24 tweedejaarskrediete)

Verpligte modules

Musiektegnologie	479(60)
Praktiese Musiekstudie A	478(24) of 479(24) of 488(24) of 498(24)
Filosofie	252(8) plus twee uit 212(8), 222(8), 242(8), 262(8)
Diensleer	496(12)

Keusemodules

Verpligte keusemodules

Musiekwetenskap	414(12) en 444(12)
of	
Musiekteorie	424(12) en 454(12)

Opsionele ekstra modules

Onderwysmetodiek	476(12)
Improvisasie	494(12)
Praktiese Musiekstudie B	474(12)
Navorsingsmetodologie (Musiek)	474(12)

BMus-PROGRAM (Vierjarig) IN MUSIEKWETENSKAP

Eerste gevorderde vlak (derde jaar) (120 derdejaarskrediete en 24 eerstejaarskrediete)

Verpligte modules

Musiekwetenskap	314(12) en 344(12)
Musiekteorie	324(12) en 354(12)
Etnomusikologie	376(24)
Filosofie	162(6) plus drie uit 112(6), 122(6), 142(6), 152(6)
Musiekwetenskapkritiek	324(12) en 344(12)
Praktiese Musiekstudie A	378(24) of 379(24) of 388(24) of 398(24)

Opsionele ekstra modules

Onderwysmetodiek	376(12)
Improvisasie	394(12)
Praktiese Musiekstudie B	374(12)

Tweede gevorderde vlak (vierde jaar) (120 vierdejaarskrediete en 24 tweedejaarskrediete)

Verpligte modules

Musiekwetenskap	414(12) en 444(12)
Musiekteorie	424(12) en 454(12)
Etnomusikologie	476(12)
Filosofie	252(8) plus twee uit 212(8), 222(8), 242(8), 262(8)
Musiekwetenskapkritiek	424(12) en 444(12)
Praktiese Musiekstudie A	478(24) of 479(24) of 488(24) of 498(24)
Diensleer	496(12)

Opsionele ekstra modules

Onderwysmetodiek	476(12)
Improvisasie	494(12)
Praktiese Musiekstudie B	474(12)
Navorsingsmetodologie (Musiek)	474(12)

BMus-PROGRAM (Vierjarig)
IN MUSIEKOPVOEDING

Eerste gevorderde vlak (derde jaar) (144 krediete)

Verpligte modules

Musiekopvoeding	378(24)
Onderwysmetodiek	374(12)
Vakdidaktiek Musiekteorie	394(12)
Praktiese Musiekstudie A	378(24) of 379(24) of 388(24) of 398(24)
Etnomusikologie	376(24)
Musiekwetenskap	314(12) en 344(12)
Musiekteorie	324(12) en 354(12)

Opsionele ekstra modules

Onderwysmetodiek	376(12)
Improvisasie	394(12)
Praktiese Musiekstudie B	374(12)

Tweede gevorderde vlak (vierde jaar) (144 krediete)

Verpligte modules

Musiekopvoeding	478(24)
Onderwysmetodiek	474(12)
Vakdidaktiek Musiekteorie	494(12)
Onderwyspraktyk	476(12)
Besigheidsbestuur (Musiek)	474(12)
Kreatiewe Vaardighede	476(12)
Praktiese Musiekstudie A	478(24) of 479(24) of 488(24) of 498(24)
Diensleer	496(12)

Keusemodules

Verpligte keusemodules

Musiekwetenskap	414(12) en 444(12)
Of	
Musiekteorie	424(12) en 454(12)

Opsionele ekstra modules

Onderwysmetodiek	476(12)
Improvisasie	494(12)
Praktiese Musiekstudie B	474(12)
Navorsingsmetodologie (Musiek)	474(12)